.

# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 13 JANUARIE 2026

EMBARGO: GEEN

## Klas van 2025: Vrystelling van NSS-uitslae

Die SAOU wens die Klas van 2025 hartlik geluk met hulle prestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Die resultate wat vandag behaal is, is 'n erkenning van die harde werk en toewyding van elke leerder, onderwyser, skoolbestuurspan en hoof in hierdie land.

Die SAOU wil met dank erkenning gee aan elke rat in die onderwyswiel wat toegewyd gefunksioneer het om 'n suksesvolle 2025-eksamenstelsel te bedryf. Dit is 'n duidelike teken dat die onderwysstelsel saam kan werk vir die heil van ons leerders.

Die SAOU wil egter daarop wys dat die kleinste lek in die eksamenstelsel die geloofwaardigheid van die hele kwalifikasie beïnvloed, en steun daarom enige prosesse wat deursigtigheid aan die eksamenprosesse verleen.

Die SAOU wys graag weer daarop dat die NSS-eksamen die voltooiing van 'n 13-jarige akademiese reis is. Dit is daarom nodig dat genoegsame fondse aan die onderwyssektor bewillig moet word om te verseker dat grondslagvaardighede in lees, skryf en wiskunde ontwikkel sal word.

Die SAOU wens elke leerder geluk met die resultate wat behaal is, veral op die toekomstige akademiese reis wat hulle nou sal inslaan.